

## **ALGEMENE EKSAMENREËLINGS**

### **1. Gewone skoolreëls geld naamlik:**

- 1.1 Kleredrag
- 1.2 Hare
- 1.3 Seuns moet geskeer wees

### **2. Toelatingsbrief, I.D. en Eksamenreëls:**

- 2.1 Sit in plastieksakkie
- 2.2 Moet elke dag as eksamen skryf by jou hê.

### **3. Skryf in Gimnastieksaal, behalwe wanneer IGO en RTT geskryf word**

4. Sit op spesifieke sitplek in Gimnastieksaal. Etiket met naam en eksamennommer sal op bank aangebring word.
5. Wanneer vak afgeskryf word moet handboeke **08:15** by boekstoor ingegee word. Indien die handboeke nie ingegee word nie, sal die prys van 'n nuwe handboek teen die ouer of voog se skoolfonds rekening gedebiteer word. Mev. S. Lombaard is reeds vanaf **07.45** by boekstoor.
6. Vir die oggendsessies moet die kandidate alreeds **08:30** by Gimnastieksaal rapporteer. Om **08:35** moet al die kandidate reeds hulle sitplekke ingeneem het.
7. Om **08:40** sal die Hooftoesighouer begin met die voorgeskrewe eksamenprosedures.
8. Om **08:50** sal die kandidate met die voorgeskrewe leestyd begin. Geen beantwoording van vrae mag in die leestyd plaasvind nie.
9. Om presies **09:00** sal die kandidate met die fisiese skryf van die vraestel begin. Diegene wat laat is, sal buite die lokaal wag tot alle prosedures afgehandel is.
10. Wanneer die eksamen 'n middagsessie is, moet al die kandidate reeds om **13:30** by die eksamenlokaal aankom.
11. Om **13:35** moet al die kandidate reeds hulle sitplekke ingeneem het.
12. Om **13:40** sal die Hooftoesighouer begin met die voorgeskrewe eksamenprosedures.
13. Om **13:50** sal die kandidate met die voorgeskrewe leestyd begin. Geen beantwoording van vrae mag in die leestyd plaasvind nie.
14. Om presies **13:00** sal die kandidate met die fisiese skryf van die vraestel begin. Diegene wat laat is, sal buite die lokaal wag tot alle prosedures afgehandel is.
15. Elke oggend sal geopen word met skriflesing en gebed.
16. Maak seker dat **eksamennommer buite op antwoordboek geskryf** word.
17. Daar moet elke dag wanneer eksamen geskryf word op 'n lys ingeteken word voordat eksamen begin en uitgeteken word na die eksamensessie.
18. Moet volle duur van vraestel in eksamenlokaal bly. Mag nie voor die tyd loop nie.
19. Indien vraestel weens siekte nie geskryf kan word nie, moet **mediese sertifikaat** voor **11:00** op die dag wat vraestel geskryf word, by dr. W. Stolk ingehandig word. Leerlinge sal in betrokke vak hereksamen mag skryf.
20. **Hereksamen:** Kan nie hereksamen skryf om punte te verbeter nie. Kan slegs hereksamen skryf wanneer leerling druipe of vrystelling druipe.
21. **Ooneerlikheid:** Departementele reëls geld naamlik: Indien leerder met notas gevang word of dat hy/sy met ander leerders kommunikeer of probeer kontak maak, kan leerder vir een jaar van enige eksamen geskors word.
22. Kandidate wat hulleself aan onreëlmatige optrede of aksies skuldig maak, loop die gevaar om AL hulle uit-slae van die **HELE** eksamen deur moontlike **KANSELLASIE** te verbeur. Sulke kandidate stel hulself ook bloot aan verbanning uit die eksamenlokaal, asook moontlike verbanning van deelname aan enige toekomstige eksamens vir 'n periode soos deur die Direkteur-Generaal bepaal sal word. Genoemde onreëlmatige optrede of aksies sluit, onder ander, die volgende in:
  - 22.1 losbandige, dreigende, aggressiewe of intimiderende gedrag;
  - 22.2 wangedrag wat medekandidate en toesighouers mag ontstel en gevolglik die eksamens ontwrig;
  - 22.3 inmenging, om watter rede ook al, met medekandidate of toesighouers;
  - 22.4 betrokkeheid van kandidate by enige/alle moontlike vorms van onreëlmatighede wat teen die reëls en regulasies wat deur die Departement neergelê is om aan alle kandidate die geleentheid te bied om regverdige, eerlike en vrye eksamens te skryf;
  - 22.5 ongehoorsaamheid aan enige instruksie(s) van die toesighouer.

23. Maak seker van **datums en tye** op toelatingsbrief wanneer elke vraestel geskryf word.
24. Maak seker dat nodige skryfbehoeftes saamgebring word nl. swart of blou pen, potlood, nie-programmeer-bare sakrekenaar, uitveër, liniaal ens.
25. Geen Tippex mag gebruik word nie.
26. Geen selfoon aan jou of naby jou nie. Kan geplaas word in 'n sentrale stoorruimte.
27. Indien enige probleem gedurende eksamensessie opduik, moet hand opgesteek word sodat dit die aandag van toesighouer trek.
28. **NB:** Lees Instruksies aan Kandidate op keersy van toelatingsbrief deeglik deur.
29. Ons versoek samewerking van elke leerder sodat eksamen rustig afgehandel kan word.

#### ➤ Algemene reëls

### **1. Getuigskrifte:**

Leerders wat nog nie aansoek gedoen het nie, moet vorm **VOLLEDIG** voltooi en inhandig.

### **2. Eksamengeld:**

Leerders wat nog nie betaal het nie, moet dit afhandel.

### **3. Prysuitdelingsfunksie 05 November 2015**

- 3.1 Leerders wat nie die funksie kan bywoon nie, moet verskoning by Dr. W. Stolk maak.
- 3.2 Matriekraadslede **MOET** die funksie bywoon.

### **4. Skoenprojek ATKV/Skoolklere Klerebank**

Wanneer laaste vraestel geskryf word, versoek ons Graad-12 leerders om hulle skoene en skoolklere vir die ATKV-skoenprojek en klerebank te skenk. Die skoene en klere word aan behoeftige leerders geskenk.